



Honneurs in Vertaling (2022)

Programstruktuur

Die Honneursprogram in Vertaling is 'n eenjarige program in die Departement Afrikaans en Nederlands. Dit bestaan uit die teorie en praktyk van sowel vertaling en/of tolking as redigering. Dit is 'n navorsingsprogram en kan lei na 'n MA in Vertaling.

Studente volg vyf modules: **vier verpligte modules** en **een keusemodule**. Daar word ook van studente verwag om 'n verpligte opleidingsessie oor die hulpbronne wat in die US Biblioteek beskikbaar is en 'n verpligte werksessie oor die rekenaargesteunde vertaalprogram, Trados, by te woon.

Verpligte modules

1. Redigeermetodiek en -praktyk 774	30 krediete
2. Vertaal- en tolkmetodiek en -praktyk 774	15 krediete
3. Vertaal- en tolkteorie 774	30 krediete
4. Navorsingswerkstuk 774	30 krediete

1. Redigeermetodiek en -praktyk 774 • semesters I en II • 30 krediete

Redigeermetodiek (semester I):

Die teksversorgingspraktyk word teoreties ondersoek deur eerstens te kyk na die subdissiplines waarop die teksversorgingswetenskap gegrond is. Daarna word verskillende modelle vir die praktyk van teksversorging krities ondersoek.

Redigeerpraktyk (semester II):

Praktiese redigering in twee van die volgende tale: Afrikaans, enige Afrikataal, Chinees, Duits, Engels, Frans en Nederlands.¹

2. Vertaal- en tolkmetodiek en -praktyk 774 • semester I • 15 krediete

Studente volg in die eerste semester 'n geïntegreerde metodiek- en praktykkursus wat die grondslag vorm van die praktiese modules wat in die tweede semester gevolg word.

3. Vertaal- en tolkteorie 774 • semesters I en II • 30 krediete

Hierdie module bied 'n oorsig oor die ontwikkeling en toepassing van die belangrikste vertaalteoretiese benaderings wat op onderskeie teksgenres toegepas kan word. Die

¹ Nie alle taalopsies word noodwendig elke jaar aangebied nie.

module behels ook 'n verdieping van enkele tolkteoretiese modelle, die implikasies wat dit vir die tolkpraktyk inhou en die manier waarop tolkteoretiese aspekte aan empiriese studies in die veld gekoppel kan word.

4. **Navorsingswerkstuk 774** • 30 krediete

Die navorsingswerkstuk bied aan studente die geleentheid om selfstandige navorsing te beplan, uit te voer, en daarvoor verslag te doen. Studente kies 'n tema uit 'n breë aanbod wat deur die dosente beskikbaar gestel word. Volledige besonderhede word tydens die eerste lesing vir Navorsingsmetodologie verskaf.

Keusemodule²

1. Praktiese vertaling 773 EN/OF 2. Praktiese tolking 15 krediete 773

1. **Praktiese vertaling 773** • semester II • 15 krediete

Uit Engels in Afrikaans, enige Afrikataal, Chinees, Duits, Frans of Nederlands **EN** uit enige van bogenoemde tale in Engels.

2. **Praktiese tolking 773** • semester II • 15 krediete

Tussen Engels en Afrikaans, enige Afrikataal, Duits, Frans of Nederlands.

Verpligte opleidingsessies

1. **Biblioteekopleiding**

Plek: Universiteit Stellenbosch Biblioteek

Datum: Maandag, 21 Februarie om 14:00 – 16:00

2. **Tradosopleiding**

Edwin de Klerk bied vier opleidingsessies aan in die gebruik van die rekenaargesteuende vertaalprogram, Trados. Studente ontvang ook 'n Trados-studentelisenensie wat geldig is vir 'n tydperk van 12 maande (ingesluit in kursusfooi). Praktiese vertaling in die tweede semester word dan met behulp van hierdie programmatuur uitgevoer.

Plek: Letteregebou, lokaal 693

Datums en tye: Maandag 23 Mei om 11:00 – 13:00; Dinsdag 24 Mei om 11:00 – 13:00; Maandag 30 Mei om 11:00 – 13:00 en Dinsdag 31 Mei om 11:00 – 13:00

Wyse van onderrig

Vir die praktiese modules word daar van weeklikse seminaarklasse gebruik gemaak. Vir die oorblywende teoretiese modules is daar gereelde seminaarklasse.

Klasbywoning

'n Klas op nagraadse vlak is 'n ruimte vir kontak, stimulasie en groei, en is daarom noodsaaklik. Daar word van alle nagraadse studente verwag om klasse getrou by te woon,

² Studente kan in die tweede semester ook bykomend tot vertaalpraktyk vir tolkpraktyk inskryf, maar dit is teen ekstra koste. Kontak ons asseblief vir meer inligting hieroor.

voorbereid te kom en aan die besprekings deel te neem. 'n **Mediese sertifikaat** moet ingehandig word in die geval van siekte. 'n Mediese sertifikaat is ook nodig indien 'n student 'n toets mis of 'n werkstuk laat inhandig.

Assessering

Deurlopende evaluering vind plaas. Studente voltooi praktiese opdragte en teoretiese werkstukke, sowel as een groot navorsingswerkstuk.

Toelating en verdere studie

Enige taal as BA-hoofvak (geslaag op derdejaarsvlak) met 60% as slaagsyfer, sowel as die slaag van 'n toelatingstoets.

Alle studente wat die BA Honneurs in Vertaling volg se grade word eers in Maart 2023 toegeken. Dit sal kwalifiserende studente nie verhoed om in 2023 vir 'n MA-program te registreer nie.

Meer inligting

Vir meer inligting of enige navrae, kontak gerus vir **me. Marike van der Watt** (marikevdw@sun.ac.za) of **me. Maret Blom** (maretblom@sun.ac.za).
